

Sondag 9 Oktober

Skrifgedeelte: Esra 7:1-10

Fokusgedeelte: Esra 7:10 (1933/53- en 1983-vertaling)

Leer God ken deur gehoorsaamheid

Ongehoorsaamheid is 'n onwilligheid om te doen wat beveel is. Adam en Eva was ongehoorsaam aan God se bevel. Dit het tot vervreemding tussen God en die mens gely. Israel was ongehoorsaam aan die Here en dit het veroorsaak dat hulle in ballingskap weggevoer word.

In sy groot liefde en barmhartigheid betoon God egter genade. In Esra 6:22 hoor ons dat die Here die gesindheid van die koning van Assirië verander het sodat Israel uit ballingskap kon terugkeer. Die verlossing uit ballingskap is 'n heenwysing na die verlossing deur Jesus Christus wat vir ons sondes aan 'n vervloekte kruishout moes sterf en wat die dood met sy opstanding oorwin het. Daar is niks wat ons kan of hoef te doen om hierdie verlossing te verdien nie. God gee alles uit genade, selfs die geloof om die verlossing mee te omhels.

God vra wel gehoorsaamheid van verlostes. Esra het op die toneel verskyn ná Israel terugkeer uit ballingskap, en in sy lewe wys God vir ons wat gehoorsaamheid behels. In Esra 7:10 hoor ons dat hy hom aan die wet van die Here gewy het. Met ander woorde: hy het moeite gedoen om te leer wat God van sy lewe verwag.

Wanneer jy leer wat die Here van jou verwag (liefde teenoor God en jou naaste), leer jy God ken. Dit wat Esra geleer het, wou hy ook in die praktyk toepas. Met ander woorde: dit wat jy aan ander wil leer, moet jy ook doen. Wanneer jy dit doen, dan ervaar jy prakties Wie God werklik is. Dit wat Esra geleer het en wat hy gedoen het, wou hy ook vir Israel leer om te doen. Wanneer jy dit wat jy geleer het, uitleef, begin jy uitdeel Wie God werklik is.

Sing: Psalm 119-1:1

Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)